Sondag **26 Mei**

**Skrifgedeelte: Romeine 8:18-25 (AFR83/2020)**

**Fokusgedeelte: Romeine 8:23-25.**

**Die sug van die skepping roep ons om uit te strek na wat voor is**

Die wêreld is vol lyding: siekte, moord, oorlog, noem maar op. Ook gelowiges ly daaronder. Ons geloof vrywaar ons nie daarvan nie.

Die enigste onderskeid tussen gelowiges en die wêreld is die Heilige Gees as eerste gawe wat die geloof in ons vestig, ons herskep na die beeld van God sodat ons 'n nuwe lewe kan leef tot in ewigheid. Aan die verganklikheid van die liggaam, die omstandighede wat ons tref, is daar geen onderskeid nie. Ons sug ook. God het weens die mens se sonde die hele wêreld oorgegee aan die verganklikheid, selfs die natuur en die aarde.

Maar ons is erfgename van God, saam met Christus (vs 17). Ons sien uit na die dag wanneer ons ons erfenis (Ef. 1:11, AFR2020) betree: liggaamlik opgewek as volk van God in sy koninkryk, sy kinders, maar dan sigbaar in die onderskeid tussen heerlikheid en oordeel. Dan sal God vir almal bekendgemaak het dat ons sy kinders is.

Wanneer dae kom dat jy sug, dink daaraan dat God sy Gees aan ons gegee het, letterlik as 'n deposito van daardie erfenis – die eerste gawe. Sien die versekering daarvan in die feit dat jy uit die Gees lewe (Rom. 8:1-17), nie meer weggevoer deur die sonde nie. Jy dra sy vrug: liefde tot God en jou naaste (Gal. 5:13-26).

Hoor vers 22: Die sug is soos geboortepyne – die aankondiger van nuwe lewe in die heerlikheid van God die Vader en ons Here Jesus Christus. Bly opkyk en vorentoe: Nou kan ons die nuwe heerlikheid nog nie sien nie, hoewel die lyding en sug baie sigbaar is. Maar dit is wat hoop is: ons toekomsverwagting, seker in Christus se opstanding en verheerliking. Daarom wag ons daarop met volharding. Wat ons nou moet verduur in lyding, hoe erg ook al, weeg nie op daarteen nie.

Lees nou verse 38-39.

*Sing: Psalm 130-1:1, 4; 130-4:1, 3; 42-1:1, 5; 42-3:1, 3, 5; Lied 517 (verwerking van Strydenburg/Badenhorst-gesang)*

*Ds. J (Jan) Malan (Emeritus)*